NUUSBULLETIN

NOVEMBER 2022

MAANDELIKSE PRAATJIE

Maandag 28 November 2022 @ 10h00
Die Waenhuis, Jagersbosch

STILBAAI IN DIE OU DAE
'n Bietjie geskiedenis en 'n aantal herinneringe

Niel van Wyk

Die praatjie beskryf die ontstaan en vroeë ontwikkeling van Stilbaai. Dit skets Stilbaai-Oos en Stilbaai-Wes in die vroeë jare met verwysings na die vissersbedryf en die hawe, poswese, Jagersbosch, Palinggat, Scott se Losieshuis, die Planksaal, die Klipkerk, ens. Die geskiedenis word ge-illustreer met ou foto's en opgekikker met persoonlike herinneringe van die ou dae in Stilbaai.

Niel van Wyk is in Riversdal gebore en het daar grootgeword. Sy ouers het 'n vakansiehuis in Stilbaai gehad en hy het van kleins af Stilbaai gereeld besoek en leer ken. Na 'n verblyf van meer as 30 jaar in Kaapstad, het hy in 2014 hier afgetree. Sy voorvaders het ongeveer 1770 in die Riversdal distrik gevestig, en sy belangstelling in die geskiedenis van die area het uitgeloop in die opstel van 'n stamregister vir die Van Wyk's van Riverdal, asook navorsing oor die ontstaan en eienaarskap van sommige van die ou plase in sy familie in die distrik. Hy het ook die oorsprong en ontwikkeling van historiese bergpasse oor Langeberge noord van Riversdal nagevors. Sy navorsing oor Stilbaai se geskiedenis was maar 'n natuurlike ontwikkeling van sy belangstelling in "die ou dae".

LET WEL: Die vergadering begin om 10h00; by ons Oktober vergadering het die meerderheid mense teenwoordig 10h00 verkies as 'n begintyd.

NEWS BULLETIN

NOVEMBER 2022

MONTHLY MEETING

Monday 28 November 2022 @ 10h00
Die Waenhuis, Jagersbosch

STILBAAI IN THE OLDEN DAYS
A bit of history and a few memories

Niel van Wyk

The talk describes the origin and early development of Stilbaai. It discusses Stilbaai East and Stilbaai West in the early years with references to the fishing industry and the harbour, postal services, Jagersbosch, Palinggat, Scott's Boarding House, the Planksaal, the Klipkerk, etc. The history is illustrated with old photos and is enlivened by personal recollections of the olden days in Stilbaai.

Niel van Wyk was born in Riversdale and grew up there. His parents had a holiday home in Stilbaai and from his very early years he regularly visited Stilbaai and got to know it well. After a sojourn of more than 30 years in Cape Town, he retired here in 2014. His forefathers settled in the Riversdale district in approximately 1770, his interest in the history of the area resulted in his writing up the family genealogy of the Van Wyk's in Riversdale, as well as research into the origins and ownerhips of some old farms in his family in the district. He also researched the origin and development of historical mountain passes over the Langeberg north of Riversdale. His research into Stilbaai's history is a natural development of his interest in "the olden days".

NOTE: The meeting starts at 10h00; at our October meeting the majority of those present chose 10h00 as a starting time.

LEDEGELDE 2023

Ledegelde vir 2023 bly steeds R30 per persoon vir die jaar. Enige NUWE lid wat nou aansluit, sal slegs volgende jaar se ledegelde betaal, m.a.w. vir R30 is jou lidmaatskap geldig tot 31 Desember 2023.

Die naamkaartjie vir 2023 is op geel bord gedruk om dit te onderskei van die 2022 kaartjie

MEMBERSHIP FEES 2023

Membership Fees for 2023 will remain at R30 per person for the year. Any NEW member joining now, will only pay next year's membership fee, i.e. for R30 your membership will be valid till 31 December 2023.

The name tag for 2023 is printed on a yellow board to distinguish it from the 2022 card.

DATUM VIR AJV

Ons Algemene Jaarvergadering word voorlopig beplan vir 30 Januarie 2023, saam met 'n baie interessante praatjie (sien hieronder). Die formele kennisgewing sal vroeg in Januarie 2023 uitgestuur word.

Ons wil intussen 'n beroep doen op lede om hulself beskikbaar te stel om op die komitee te dien. Kontak enige van die huidige bestuur as julle belangstel, of stuur 'n e-pos na info@u3astilbaai.org.

Komitee lede moet benoem word vir verkiesing by die Algemene Jaarvergadering en nuwe lede sal na die AJV begin dien op die komitee

DATE OF AGM

Our Annual General Meeting is provisionally planned for 30 January 2023, together with a most interesting talk (see below). The formal notice will be distributed early in January 2023.

We want to ask members to make themselves available to serve on the committee. Contact any of the current committee members if you are interested, or send an email to info@u3astilbaai.org.

Committee members must be nominated for election at the Annual General Meeting and new members will start serving on the committee after the AGM.

JAGERSBOSCH DONASIE

Jagersbosch wou lank al 'n rugsteunstelsel ("inverter") koop vir gebruik wanneer die krag af is tydens beurtkrag onderbrekings, maar hulle het nie genoeg fondse gehad nie. Aan U3A se kant het beurtkrag in die afgelope maande ons maandelikse vergaderings ontwrig. Die komitee het besluit om R10,000 uit ons Jagersbosch Fonds aan Jagersbosch te skenk as bydrae vir die aankoop van 'n rugsteunstelsel vir Die Waenhuis.

Die rugsteunstelsel is aangekoop en is in werking, met ons donasie kon Jagersbosch 'n groter en sterker stelsel kry wat beteken dat ons die projektor en klankstelsel ten volle kan gebruik tydens beurtkrag onderbrekings.

JAGERSBOSCH DONATION

Jagersbosch had planned to buy an inverter for use when the power is down during loadshedding, but they had a shortage of funds. On U3A's side loadshedding during the last months has negatively impacted on our monthly meetings. The committee decided to donate R10,000 from our Jagersbosch Fund to Jagersbosch for the purchase of an inverter for Die Waenhuis.

The inverter was purchased and installed; with our donation Jagersbosch could get a bigger and stronger inverter which means that we can use the projector and sound system fully during loadshedding.

U3A STILBAAI GROEPE

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite vir lede aanbied. Meer inligting oor die groep aktiwiteite is op ons webtuiste: www.u3astilbaai.org.

- **Aandele Groep**: Die aandele groep hou gereeld samesprekings waar idees oor die aandelemark uitgeruil word. Kontak Deon Grobler by deonenelaine@gmail.com indien u wil aansluit.

U3A STILBAAI GROUPS

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members. More information about the group activities are on our website: www.u3astilbaai.org.

- **Astronomy Group**: If you are interested in joining the group, contact Deon at begemannd@gmail.com Read about the group on www.u3astilbaai.org /astronomy.

- **Astronomie groep**: As u by die groep wil aansluit, kontak Deon by begemannd@gmail.com. Lees meer oor die groep op www.u3astilbaai.org /astronomy.

- **Botaniese Uitstappies**: Hierdie nuwe groep bestudeer interessante inheemse plante op uitstappies in die veld. Kontak vir Christina by stilbaai6674@gmail.com as u belangstel.

- **Fotografie Groep**: Enige lid wat belangstel om by die groep aan te sluit kan Richard by rwebb01@gmail.com kontak. Meer inligting op www.u3astilbaai.org/photography.

- **Neurowetenskap Groep**: Kontak Jenni by jennisharkey@gmail.com indien u by die groep en/of die Zoom praatjies wil aansluit. Lees oor die groep op www.u3astilbaai.org/neuroscience.

- **Stapgroep**: Die groep stap normaalweg op Vrydag oggende. As u by die groep wil aansluit, kontak Karl-Heinz by karl-heinz@wispernet.co.za. Inligting oor die groep is op www.u3astilbaai.org/hiking.

- **Voëlgroep**: Die Voëlgroep betrek mense wat belangstel in voëlkyk, en koördineer ook die SABAP2 projek in Hessequa. Kontak Krysia by krysiastenvert@gmail.com indien u belangstel om by die groep aan te sluit. Meer inligting is op www.u3astilbaai.org/birdgroup.

Onthou die Voëlgroep byeenkoms vanaand 16 November om 19h00 in Die Waenhuis

- **Bird Group:** The Bird Group involves people interested in bird-watching, as well as co-ordinating the SABAP2 project in Hessequa. Contact Krysia at krysiastenvert@gmail.com if you are interested in joining the group. More information is available on www.u3astilbaai.org/birdgroup.

Remember the Bird Group meeting this evening 16 November at 19h00 in Die Waenhuis.

- **Botanical Walks**: This new group studies interesting indigenous plants during walks in the veld. Please contact Christina at stilbaai6674@gmail.com if you are interested.

- **Hiking Group**: The group normally hikes on Friday mornings. If you want to join the group, contact Karl-Heinz at karl-heinz@wispernet.co.za. Information about the group is on www.u3astilbaai.org/hiking.

- **Neuroscience Group**: Please contact Jenni at jennisharkey@gmail.com if you are interested joining the group and/or the Zoom talks. Read more on www.u3astilbaai.org/neuroscience.

- **Photography Group**: Any member interested in joining the group can contact Richard at rwebb01@gmail.com. More information on www.u3astilbaai.org/photography.

- **Shares Group**: The share group holds regular discussions sharing ideas on the share market. Contact Deon Grobler at deonenelaine@gmail.com.

JANUARIE MAANDELIKSE PRAATJIE

Let wel – ons het nie 'n maandelikse vergadering in Desember nie.

Maandag, 30 Januarie 2023 in Die Waenhuis.

"Wysies wat ons onthou. Die waarde van musiek vir persone met Altzheimer."

Nina du Toit

Dr Nina du Toit is 'n opvoedkundige met 'n doktorsgraad in Opvoedkunde en 'n meestersgraad in musiek-terapie. Sy spesialiseer in mense met gestremdhede en het jare ondervinding in dié rigting op skool- en universiteitsvlak. Sy praat oor die waarde van musiekterapie en die kragtige rol wat dit speel as dit korrek en professioneel toegepas word.

JANUARY MONTHLY TALK

Note – we do not have a monthly meeting in December.

Monday, 30 January 2023 in Die Waenhuis.

"Tunes we remember. The value of music for persons with Alzheimer."

Nina du Toit

Dr Nina du Toit is an educationalist with a doctorate in Education and a masters degree in music therapy. She specialises in persons with disabilities and have years experience in this field at school and university level. She talks about the value of music therapy and music as a powerful therapy tool if applied correctly and professionally.

©2022. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.